JAN KRIELSKOOL

SPORTBELEID

INHOUD

1. INLEIDING

2. ORGANOGRAM VIR SPORT

3. ALFABETIESE VOLGORDE VAN J.K.S.-SPORTKODES

4. WINTERSPORTKODES

5. SOMERSPORTKODES

6. PROSEDURES IN VERBAND MET…

7. SPORTSONES

8. SPORTDRAG

9. SOMERPROGRAM

10. WINTERPROGRAM

11. SPORTBYEENKOMSTE

12. WEDSTRYDDATUMS

13. VERGADERINGS

14. SPORTTOERE

15. SPORT VIR GESTREMDES

16. APPARAAT EN STOORLOKALE

17. SPORTINDELING

18. SPORTINDELING 2007

19. VORMS IN VERBAND MET SPORT

20. SIEK LEERDERS

21. LEERDERS WAT SPORTKLERE VERGEET

22. LEERDERS WAT STOKKIESDRAAI

1. INLEIDING

Jan Krielskool is bevoorreg om van die beste sportfasiliteite in die omgewing te hê. Die volgehoue uitbreiding en verbetering hiervan dra by tot die al groterwordende klem wat sport geniet.

Die geestelike, akademiese en kulturele aktiwiteite vorm saam met die beoefening van sport die pilare waarop ons leerders se ontwikkeling gebou word. Die sportveld is by uitstek die plek waar ‘n geknakte selfbeeld weer herstel kan word en waar die belangrikheid van die beoefening van sport vasgelê word. Karakterontwikkeling en sosiale vaardighede kry ook daar die nodige aandag.

Baie dankie aan al die afrigters en organiseerders wat met hul entoesiasme en toewyding daartoe bydra dat sport vir elke deelnemer ‘n plesier is.

Jaco Snyder
(SPORT)

2. ORGANOGRAM VIR SPORT



DIE SKOOLHOOF

- Het die finale sê in alle sake en besluite rakende sport.

DIE SPORTORGANISEERDER

- Koördineer die bedrywighede van die verskillende sportkodes wat by die skool aangebied word.
- Koördineer afrigters in verskillende sportkodes voor elke seisoen.
- Reël hulpafrigters van buite-instansies.
- Skakel gereeld met die hoofde van die verskillende sportkodes.
- Ontvang alle korrespondensie oor sport.
- Staan aan die hoof van die reëlings van alle sportbyeenkomste.
- Verteenwoordig die skool by alle sportvergaderings of reël vir ‘n verteenwoordiger.
- Hou die personeel op hoogte van alle sportaangeleenthede.
- Stel uitslae beskikbaar en reël oorhandigings tydens saalbyeenkomste.
- Hanteer die sportbegroting.
- Hou die hoof op hoogte van sake rakende sport.
- Verteenwoordig sport op leierspanvergaderings indien nodig.

DIE AFDELINGSHOOF

- Hanteer afwesigheidsbriewe en doktersertifkate, sorg vir naamlys.
- Sien toe dat siek leerders by toesigonderwysers is.
- Reël dat sportafkondigings by die rye gedoen word.
- Sorg dat leerders ordelik na hul verskillende sportbedrywighede gaan.
- Rapporteer probleme aan die sportorganiseerder.

DIE HOOFDE VAN SPORTKODES

- Sien toe dat die leerders betyds by die aangewese plekke ontvang word.
- Sien toe dat alle wedstrydverpligtinge betyds gereël en nagekom word.
- Sien toe dat alle vorms korrek en betyds ingevul word en aan die regte persone oorhandig word. Dit moet Maandae na die sportorganiseerder gaan.
- Sorg vir die beste moontlike afrigting.
- Reël, indien nodig, vergaderings met die afrigters van sy sportkode.
- Verskaf naamlyste aan sportorganiseerder.

3. ALFABETIESE VOLGORDE VAN DIE SPORTKODES WAT BY JAN KRIELSKOOL AANGEBIED EN AANGEBIED KAN WORD:

3.1.1 Aërobiese oefeninge
3.1.2 Atletiek
3.1.3 Dwergtennis
3.1.4 Gholf
3.1.5 Krieket
3.1.6 Landloop
3.1.7 Netbal
3.1.8 Pluimbal
3.1.8 Rugby
3.1.9 Skaak
3.1.10 Sokker
3.1.11 Tafeltennis
3.1.12 Tennis
3.1.13 Toutrek

3.2.1 Sagtebal
3.2.2 Hokkie
3.2.3 Swem

4. WINTERSPORTKODES

4.1 SEUNS

- Rugby
- Sokker

4.2 …MEISIES

- Netbal
- Sagtebal

4.3 …SEUNS EN MEISIES

- Landloop
- Tennis
- Dwergtennis
- Pluimbal
- Aërobiese oefeninge
- Skaak
- Gholf

5. SOMERSPORTKODES

5.1 …SEUNS

- Krieket

5.2 …MEISIES

- Sagtebal

5.3 …SEUNS EN MEISIES

- Atletiek
- Tennis
- Pluimbal
- Skaak
- Toutrek

6. PROSEDURES IN VERBAND MET:

AFRIGTING

- Die hoofde van die verskillende sportkodes sal toesien dat die beste moontlike afrigting gegee word.
- Die sportorganiseerder stel afrigtingmetodes en reëls aan die afrigters beskikbaar.
- Afrigters moet op hoogte wees van afrigtingmetodes en reëls.
- Afrigters moet altyd voor die leerders op hul pos wees en apparaat, indien nodig, reg hê.
- Afrigters moet, waar van toepassing, in sportdrag geklee wees.

SPORTDRAG

Mans: Blou JKS sporthempie met blou JKS kortbroek blou/Chino kortbroek/langbroek of personeelsweetpak.
Dames: Blou JKS sporthemp met blou personeelsweetpak.

DIE AFRIGTER WAT NIE BOGENOEMDE DRAG HET NIE, MOET MET "GEWONE" DRAG SKOOLGEE EN VERKLEE VOOR SPORT.

- Afrigters moet by elke oefening 'n register byhou.
- Afrigters moet gereeld die apparaat nagaan.
- Afrigters moet entoesiasties wees en hul entoesiasme aan die deelnemers oordra.
- Afrigters moet 'n openbare vervoerpermit hê as hulle sportspanne vervoer.

WEDSTRYDE / BYEENKOMSTE

- Alle sportkodes moet aan wedstryde deelneem. Reël onderling wedstryde of kompetisies waar dit nie moontlik is om wedstryde te speel nie.
- Deelnemers moet te alle tye deur die afrigter of gedelegeerde personeellid vergesel word – tuis of weg, in die week asook op naweke.
- Na afloop van wedstryde mag geen deelnemer alleen gelaat word totdat ouers hulle kom haal nie. As ouers laat kom, moet die deelnemer na 'n koshuis geneem word om daar afgehaal te word.
- Die hoofde van die verskillende sportkodes moet, in samewerking met die sportorganiseerder, spanne betyds in ligas inskryf.
- Wedstryde moet ten minste twee dae voor die tyd gereël word.
- Noodhulp moet so vroeg as moontlik vir elke wedstryd gereël word.
- As 'n skool nie opdaag vir wedstryd nie, of laat kanselleer is die besoekende skool verantwoordelik vir die rekening van die noodhulp.
- **Busreëlings moet betyds getref word deur die uitstappievorm in te vul en met toestemming van die skoolhoof.**
- Wedstryde moet vooraf aan organiseerder deurgegee word vir afkondiging.
- Spanne moet betyds vir wegwedstryde opdaag.
- Besoekende skole word deur die afrigter en/of die sportorganiseerder ontvang en na die kleedkamers vergesel.
- Afrigters moet uitslae betyds ingee vir die saalperiode en leerders moet die uitslae lees.
- Afrigters sien toe dat alle apparaat en ander toerusting na elke wedstryd gebêre word.
- Uitstappievorms moet word vir alle wedstryde aan alle betrokkenes gegee word en by ontvangs en die sportorganiseerder gelaat word.

INVENTARIS

Afrigters verantwoordelik vir apparaat en/of ander voorraad voltooi ‘n inventarisvorm en oorhandig ‘n afskrif daarvan aan die sportorganiseerder.
Stukkende apparaat moet aan die sportorganiseerder gerapporteer en oorhandig word.
Apparaat word na afloop van die seisoen veilig gebêre of na die sportorganiseerder gebring.

6.4 BESTELLING VAN SPORTBENODIGDHEDE

6.4.1 Die sportorganiseerder bestel alle sportapparaat en doen aankope.
6.4.2 Wanneer benodigdhede uit die sportbegroting bestel word, word dit op die bestelvorm vir sport gedoen en aan die sportorganiseerder oorhandig.

6.5 SPORTBEGROTING

6.5.1 Die sportbegroting word opgestel uit die skriftelike voorstelle van die hoofde van die verskillende sportkodes. Die pryse moet so ver moontlik saam met die voorstelle ingedien word.

6.6 REËNDAE

6.6.1 Op reëndae sal die sportorganiseerder afkondig watter prosedure gevolg sal word.
6.6.2 Binnemuurse sportkodes gaan voort soos normaalweg. Hierdie aktiwiteite mag nie deur ander leerders ontwrig word nie.
6.6.3 Indien die sportaktiwiteite afgestel word as gevolg van reën, neem elke afrigter sy groep na sy klas en behandel reëls en taktiek.

7. DIE SPORTSONES

7.1 Die vyftien sportsones op die Jan Krielterrein is die verantwoordelikheid van die terreinvoorman en skoolhoof.
7.1.1 Hokkieveld
7.1.2 Louis Hurwich-area regoor die Nepgen-saal
7.1.3 Atletiekbaan
7.1.4 Rugbyvelde
7.1.5 Krieketvelde en -nette
7.1.6 Toutrek-area en -apparaat
7.1.7 Netbalbane
7.1.8 Tennisbane en dwergtennisbane
7.1.9 Sokkerbaan
7.1.10 Gras agter die gimnasium
7.1.11 Swembad
7.1.12 Speelterrein van die hoërskool
7.1.13 Landlooproete
7.1.14 Elim-driehoek

7.1.15 Skietbaan
7.1.16 Gimnasium

7.2 Geen leerder mag sonder die sportorganiseerder se toestemming enige van die sportsones sonder toesig gebruik nie.
7.3 Afrigters moet die sportorganiseerder op hoogte hou van die sportsones se onderhoud.
7.4 Die sportorganiseerder moet toesien dat die leerders en afrigters nie die besproeiingstelsel beskadig nie.

8. SPORTDRAG

8.1 DIE VOLGENDE SPORTDRAG IS VEPLIGTEND VIR ALLE LEERDERS IN JAN KRIELSKOOL:

8.1.1 Skoolsweetpak
8.1.2 Blou oefenbroekie
8.1.3 Wit JKS-sporthempie

8.2 ATLETIEKDRAG

8.2.1 SEUNS

- Blou oefenbroekie
- JKS-frokkie
- Skoolsweetpak/provinsiale sweetpak
- Windjekker

8.2.2 MEISIES

- Blou oefenbroekie
- JKS-frokkie
- Skoolsweetpak/provinsiale sweetpak
- Windjekker

8.3 OEFENDRAG

8.3.1 Hoofde van sportkodes bepaal, na oorlegpleging met die sportorganiseerder, watter oefendrag geskik is.
8.3.2 Slegs skoolpette is aanvaarbare hoofbedekking.

8.4 WEDSTRYDE

8.4.1 Hoofde van sportkodes bepaal, na oorlegpleging met die sportorganiseerder, watter drag vir wedstryde geskik is.
8.4.2 Vir wegwedstryde moet spanne in wedstryddrag, skoolsweetpakke of skooldrag geklee wees.
8.4.3 Spanne moet netjies in uniform geklee wees.

8.5 BORGE

As daar enige spandrag geborg word, moet dit deur die sportorganiseerder aan die leierspan van die skool voorgelê word vir goedkeuring.

9. SOMERPROGRAM

- Alle leerders neem gedurende week 1 tot 3 van die skooljaar aan atletiek deel.
- Al die sportafrigters is betrokke by atletiekafrigting.
- Die kleure-atletiekbyeenkoms word op die Vrydag van week 2 gehou.
- Die interskole-ateltiekbyeenkoms word op die Vrydag van week 4 gehou.
- Na week 3 begin die ander somersportkodes met hulle programme.

10. WINTERPROGRAM

- In die voorlaaste week van die somerprogram kies die leerders ‘n winterkode en die afrigtingsprogramme begin dadelik.

11. SPORTBYEENKOMSTE

11.1 BYEENKOMSTE DEUR DIE SKOOL GEREËL

- Alle byeenkomste word deur die sportorganiseerder met die hulp van die betrokke hoof van ‘n sportkode en/of die afrigter(s) gereël.
- Datums moet vroegtydig bepaal word sodat dit op die kwartaalprogram geplaas kan word.
- Ander sportverwante byeeenkomste of voorstelle vir ‘n byeenkoms moet met die sportorganiseerder bespreek word.

11.2 VASTE SPORTBYEENKOMSTE

- Interhuis-atletiekbyeenkoms
- Interskole-atletiekbyeenkoms (J.P.T.)
- Sportdag (rugby en netbal) teen Westcliff
- Toutrek-oefenbyeenkoms
- Provinsiale kamp

12. WEDSTRYDDATUMS

- As wedstryddatums betyds bekend is, moet dit op die kwartaalprogram geplaas word, asook aan die suster bekendgemaak word.
- Bespreek die skoolsaal vir pluimbalwedstryde en/of die Nepgensaal vir sportfunksies sodat die datums op die program aangebring kan word.
- Wedstryddatums moet skriftelik aan die deelnemers gegee word.
- Datums en name moet op kennisgewingborde geplaas word.

13. VERGADERINGS

- ‘n Sportvergadering word op die eerste dag van elke kwartaal gehou.

- Voor die begin van die somer- en die winterprogram vergader die afrigters en die leerders in die saal.

14. SPORTTOERE

- Sporttoere word deur die sportorganiseerder, afrigter en die skoolhoof gereël.
- Voorgenome sporttoere sal slegs deur die leierspan goedgekeur word as die volgende in ag geneem is in die versoek:

  -Genoegsame tyd vir reëlings
  -Konseptoerplan en voorlopige begroting
  -Toerreëls en vrywaringsvorms
  -Groepgrootte en personeel wat saamgaan en hul funksie op toer
  -Watter bus benodig word
  -Die toer mag nie met die skoolkwartaal inmeng nie – vertrek en terugkeer

- Dagfooie vir personeel:

	3 etes/dag	R120,00
	2 etes/dag	R 80,00
	1 ete/dag	R 40,00

  Die fooie moet in die begroting aangedui word, maar word aan personeellid uitbetaal en geen strokies word verlang nie.

- Alle strokies en kontantbewyse moet na afloop van die toer saam met ‘n volledige toerverslag ingelewer word by die skoolhoof.
- Selfoongebruik vir toerdoeleindes moet uit die toerbegroting verhaal word.
- Geskenke en skoolinligtingstukke van Jan Kriel moet vooraf gereël word.
- Toerdrag wat geborg word, moet verkieslik in die kleure van die skool gemaak word en moet aan die leierspan voorgelê word.
- Enige spesiale versoeke moet skriftelik aan die skoolhoof en leierspan voorgelê word.
- Busbestuurders word uit die toerbegroting besoldig as die onderwyser nie self kan kan bestuur nie.

15. SPORT VIR GESTREMDES

- Afrigting, wedstryde en/of byeenkomste word afsonderlik georganiseer.
- Die begroting word in samewerking met die sportorganiseerder opgestel.
- Die sportorganiseerder moet in kennis gestel word van datums van wedstryde en byeenkomste.

16. APPARAAT EN STOORLOKALE

STOORLOKALE

- Motorhuis 29 en 31
- Stoorkamer in gimnasiumsaal
- Stoor by gimnasiumkantoor
- Stoorkamer by Nepgen-kluis
- Stoorkamer oorkant klaskamer 10.
- Stoor in klaskamer 10.

STOORPLEK VIR SPORTKODES

- Atletiek en toutrek se groot apparaat in motorhuis no 31.
- Rugby en krieket se groot apparaat in motorhuis 29.
- L O-apparaat in gimnasiumstoor.
- Duur artikels soos maatbande en stophorlosies in stoor in klaskamer 10.
- Kriekettoerustingsakke (“kit bags”) in stoor by Nepgen-kluis.

- ALLE APPARAAT MOET GEBÊRE WORD EN STORE MOET GESLUIT WORD.
- GEEN APPARAAT MAG AAN LEERDERS GELEEN WORD NIE.
- SLEUTELS SAL AAN VERANTWOORDELIKES UITGEREIK WORD.
- GEEN LEERDER MAG SONDER TOESTEMMING IN EEN VAN DIE STOORLOKALE WEES NIE. DIT GELD OOK VIR DIE GEBRUIK VAN STOORSLEUTELS.
- ELKE SPORTAFRIGTER SAL NA DIE SEISOEN VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR SY OF HAAR APPARAAT.

17. SPORTBEHEERPERSONEEL

1. Hoof: M. Burger
2. Sportorganiseerder: J. Snyder
3. Hoofde in skoolfases

Grondslagfase: A. Maree
Intermediêre fase: A. Norman
Hoërskoolfase: J. Snyder
Sport vir gestremdes: A. Snyman

18. HOOFDE VAN KODES

1.	ATLETIEK:	X. KOTZE
2.	SOKKER:	C. MARTIN
3.	KRIEKET:	D. NEL
4.	LANDLOOP:	E. NIEUWOUDT
5.	NETBAL:	X KOTZE
6.	PLUIMBAL:	L. EAGER
7.	RUGBY:	D. NEL
8.	TENNIS:	J. VAN RENSBURG
9.	TOUTREK:	M. VAN PAPENDORP
10.	GHOLF:	J. SNYDER
11.	TAFELTENNIS:	S. KNOETZEN
12.	SKAAK:	R. BEZUIDENHOUT
13.	AËROBIESE OEF:	A. VAN AS

19. VORMS BETROKKE BY SPORT

19.1	UITSTAPPIEVORM:	Moet vir alle wedstryde, tuis of weg, ingevul word.
19.2	SPORTNAAMLYS:	Moet aan die begin van elke seisoen ingevul en bygehou word.
19.3	SPORTUITSLAGVORM:	Word ingevul en na die hoof geneem voor Saalbyeenkoms.
19.3.1	SPORTINVENTARIS:	Word deur alle afrigters wat apparaat het, ingevul.
19.4	SPORTBESTELVORM:	Word ingevul as iets bestel moet word deur Organiseerder.

Die vorms is by die kopiëeringsafdeling beskikbaar.

20. SIEK LEERDERS

- As leerders siek is met ‘n doktersertifikaat of brief van die ouers as bewys, moet hulle na die lokale gaan waar daar toesigpersoneel sal wees.
- Geen siek leerder mag sport bywoon nie.
- As ‘n leerder tydens die skoolure siek word, moet hulle ‘n brief van die suster aan diens kry om die toestand te verduidelik.

21. LEERDERS WAT SPORTKLERE VERGEET

- Leerders wat sportklere vergeet, gaan na die detensieklas gedurende sport.
- Geen leerders mag aan sport deelneem as hulle net gedeeltelik in sportdrag is nie.

22. LEERDERS WAT STOKKIESDRAAI

- Leerders wat tydens sport stokkiesdraai of rondloop sal deur aangewese personeel na die detensieklas vergesel word.
- Alle leerders moet by sport betrokke wees. Sport is verpligtend.